Hoërskool Heilbron

FINEM RESPICE

**VRYWARINGSVORM MET BETREKKING TOT LEERDERFOTO'S/-BEELDMATERIAAL/-VIDEO'S**

Ek, ________________________________________________________(vollenaam/drukskrif),

verleen hiermee toestemming/nie toestemming aan Hoërskool Heilbron om foto's/beeldmateriaal/video's van die kind hieronder te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die verloop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/- aktiwiteit op CD vir gebruik in opvoedkundige werksessies,
- klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosiale media platforms (waaronder Facebook en Instagram);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstryd-inskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool, asook enige deelname aan enige skoolsport of skoolkulturele byeenkoms wat op 'n televisiestasie of ander vorm van transmissie of uitsaaiplatform insluitend die internet, of toepassings uitgesaai mag word.
- Ten einde enige verwarring te voorkom en vir die doeleindes van duidelikheid, word hiermee toestemming gegee vir foto's of beeldmateriaal om beskikbaar te wees op enige uitsaaiplatforms
  en/of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskriTe, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die hoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skool- en ander goedgekeurde fotograwe se fotogalery kan insluit.

Ek verstaan voorts dat, hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/video's verskyn, se besonderhede genoem mag word, geen persoonlike identifiseerbare inligting van die kind(ers), buiten vir die naam/name van die kind(ers), saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind in skoolwebpublikasies.

Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

*Kwaliteit opvoeding is ons Missie*

Tel: 058 852 3007/54
Posbus 132, Heilbron • 9650
E-pos: hsheilbron@heilbron.co.za

Ek verstaan dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die hoof te stuur.

Merk asseblief u antwoord hieronder:

Ek stem in ☐ Ek stem nie in nie ☐

Leerderinligting *(bv. Jan Smit, Gr.8A)*: ________________________________________

Naam van ouer/voog: _____________________________________________________

Adres: __________________________________________________________________

Dorp: ___________________________________________ Poskode: ______________

Telefoonnommer: ________________________________________________________

Handtekening van ouer/voog: _____________________________________________

Datum: __________________



Tel: 058 852 3007/54
Posbus 132, Heilbron • 9650
E-pos: hsheilbron@heilbron.co.za